Graad 7 EAT

Ontwerp `n plakkaat

Kies een van die onderstaande onderwerpe en ontwerp `n plakkaat om die publiek bewus te maak van die onderwerp wat jy gekies het.

1. Jy is die organiseerder van julle graadgroep se kermis wat op 1 September 2020 by die skool sal plaasvind.
Maak 'n plakkaat om die nuus en belangrikste inligting met jou gemeenskap te deel.

OF

2. Maak die publiek bewus van die voorsorgmaatreëls wat in plek gestel kan word om die verspreiding van die koronavirus te voorkom.

OF

3. Maak die publiek bewus van voor – of – nadele van dieretuine.

**Let op die volgende:**

- Titel / fokuspunt – plakkaat moet van 'n opskrif voorsien word.
- Besonderhede, kenmerke en voordele van die bepaalde onderwerp moet verskaf word.
- Vir meer inligting - naam, adres en telefoonnommer moet verskaf word.
- Oorspronklikheid – Die plakkaat moet nuut en oorspronklik wees, asook visueel aantreklik.
- Geloofwaardigheid – Die inligting moet deur die verbruiker geglo word.
- Die inligting moet duidelik leesbaar wees.

| | |
|---|---|
| **Gebruik van taal - Korrekte toon, styl, register, spelling, punktuasie** | **4** |
| **Oorspronklikheid in hantering van onderwerp** | **4** |
| **Korrektheid van formaat / struktuur** | **2** |

Gebruik die tabel hieronder om te beplan

| **Inhoud** | **Skryf jou beplanning hier** | **Kontrolelys (merkaf)** |
|---|---|---|
| Opskrif | | Dit staan heelbo<br><br>Hoogstens 10 woorde<br><br>Grootste skrif op die plakkaat<br><br>Leesbare skrif<br><br>Trek aandag |
| Liggaam | | 2 – 4 sinne met die boodskap<br><br>Skrif grootte kleiner as die opskrif<br><br>Wie is die leser?<br><br>Wat gebeur?<br><br>Waarom gebeur dit?<br><br>Wanneer gebeur dit?<br><br>Dit wek belangstelling<br><br>Illustrasie(s) dien 'n doel |
| Kontakinligting | | Onderaan die plakkaat<br><br>Kontakbesonderhede van die instansie of skakelpersoon: selnommer, e-posadres, ens. |

Rubriek vir plakkaat

| **Funksionele Skryf (10)** | **5-4** | **3** | **2** | **1-0** |
|---|---|---|---|---|
| **Gebruik van taal - Korrekte toon, styl, register, spelling, punktuasie** | Helder en duidelike gebruik van taal met baie min punktuasie en spelling foute<br><br>Uitstekende woordeskat en kreatiewe taalgebruik. | Volledige sinne met meestal korrekte gebruik van taal en spelling<br><br>Goeie woordeskat en kreatiewe taalgebruik. | Heelwat grammatikale, spelling en punktuasie foute.<br><br>Gemiddelde woordeskat en taalgebruik. | Swak sinstruktuur, spelling, grammatika en punktuasie.<br><br>Woordeskat en taalgebruik is beperk. |
| | **5-4** | **3** | **2** | **1-0** |
| **Oorspronklikheid in hantering van onderwerp** | Baie oorspronklik in die hantering van onderwerp<br><br>Het by onderwerp gebly | Toon goeie oorspronklikheid in die hantering van die onderwerp<br><br>Bly grootlik by onderwerp | Effense poging om oorspronklik te wees, maar onderwerp is oor die algemeen gewoon hanteer.<br><br>Noem onderwerp, maar bereik nie doelwit suksesvol nie | Geen oorspronklikheid<br><br>Onderwerp deurmekaar hanteer |
| | | **2** | **1** | **0** |
| **Korrektheid van formaat / struktuur** | | Struktuur / formaat heeltemal korrek | Gedeeltelike onvanpaste struktuur / formaat | Heeltemal ontoepaslike struktuur / formaat |